Beste Wapadranter

Gemeentekommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

eNuus in kort

Kliek op die skakel: https://youtu.be/8TSq1GaTnbg

Wat gebeur by Wapadrant?

Sondag 15 September 2024

- Daar is twee eredienste om 08:30 & 10:00.
- Die erediens word gelei deur ds Marcel Floor.
- Nicolaas Jansen van Rensburg lê belydenis van geloof af tydens die 08:30 erediens.

Eredienstye:

Bybelstudie:

- Die Mannebybelstudie vind elke Maandag om 19:00 plaas.
- Die Gemeentebybelstudie vind elke Dinsdag om 09:00 in die konsistorie plaas.

GKSA Almanak 2025



Die GKSA Almanak 2025 kan nou bestel word. Die sperdatum is 20 Oktober.
Plaas asb. R130 per eksemplaar (kontant) in ‘n koevert en skryf jou naam, van en ‘Almanak’ daarop.
Jy kan ook via EFT ‘n inbetaling maak na: Geref Kerk Wapadrant, ABSA tjek 3490151957, Verwysing: Naam, van & Almanak.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Mariaan van der Walt wat steeds in die hospitaal is.
- Philip Meintjies wat steeds in die hospitaal is.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- Nicolaas Jansen van Rensburg (en sy ouers Pieter en Marié) wat Sondag belydenis van geloof aflê.

Gebed vir die week:

Toerusting

Kleingroepleier toerusting vind eerskomende Sondag om 15:30 in die Kapél plaas. Bestaande of nuwe kleingroepleiers word genooi om dit by te woon.

Ek wil graag bywoon

Ons wil graag die nodige voorbereidings tref. Indien jy hierdie geleenthede wil bywoon, moet jy asb. nou jou plek bespreek.

Bespreek NOU!

Wapadrant Jeug

4 Oktober beloof om ‘n aand vol pret en plesier te wees vir die Hoërskooljeug. Ons gaan saam kuier, speel, gesels en smul aan pannekoek! Laat weet asb. vir Errol via WhatsApp of jy saam kan kuier.

Die Laerskooljeug het soveel pret gehad by die Jeugaand van 6 September. Maak seker julle mis nie die volgende geleentheid nie!

Joshua na die reën

Elkeen se bydrae maak ‘n verskil. Daar is ‘n paar maniere waarop jy kan help:

- Help ons asb. om kaartjies te verkoop. Kaartjies is elke Sondag in die saal beskikbaar. Jy kan ‘n bondel van vyf kaartjies neem, vir jou en jou gesin koop en die res aan vriende of familie verkoop.
- Besigtig asb. ook die video’s en ander plasings op WhatsApp en Facebook en ‘like’ en ‘share’ dit.
- Jy kan ook ‘n A3 plakkaat neem en êrens gaan opsit.
- Verder benodig ons ook skenkings van rolletjies, wors, maalvleis, rys of kontant. Stuur solank vir Helena ‘n epos na kantoor@gkwapadrant.co.za.
- Laastens benodig ons ook hande met die **maak** en **opskep** van die kerrie & rys sowel as die worsbroodjies. Meld asb. aan by Helena.

Jy kan nie die vertoning bywoon nie?

- Geen probleem nie! Jy kan steeds kos vir jou en jou gesin bestel. Onthou: kerrie-en-rys vries wonderlik! Dit is altyd lekker om iets in die vrieskas te hê vir daardie ‘het-nie-lus-om-te-kook-nie’-aande.

Die opbrengs van die vertoning word aangewend vir Jeugbediening.

Bespreek JNDR kaartjies

Uitnodiging

Vanaf die kerkraad se tafel

Die kerkraad (KR), het ‘n vergadering gehou op Woensdag 11 Sept. 2024. Hier volg kortlikse terugvoer vanuit bg. vergadering aan die lidmate:

Sake wat die Kerkraad (KR) hanteer het waaroor daar nou gekommunikeer kan word:

1) In die lig van baie onsekerheid oor die toekomstige, deurlopende en betroubare elektrisiteitsvoorsiening in ons omgewing, het die kerkraad besluit om ’n meer permanente rugsteun daarvoor te skep deur te belê in ’n sonkrag- en batteryestelsel sodat ons altyd verseker kan wees dat die essensiële byeenkomste en dienste, soos eredienste, administrasie en sekuriteit, ten alle tye met elektrisiteit voorsien kan word. Vir hierdie doel is daar R300 000 uit die Koninkryksgroeifonds bewillig. (Dit is dus uit die surplus fondse van die gemeente). Die byvoordeel van hierdie stelsel vir die gemeente is dat dit ook in die toekoms kan bydra tot ’n besparing op die elektrisiteitsrekening. Sò dra ons dan ook by

tot die Omgewingsterrein van die Stadsbouersvisie van die gemeente deur van skoner opwekking van elektrisiteit gebruik te maak.

2) Die lidmaat kontak-projek, wat deur die Ouderlinge en Diakens onderneem word, lewer positiewe resultate. Die kerkraad het dus besluit om voort te gaan daarmee. Indien jy dus nog nie ’n oproep ontvang het nie, mag jy dalk so ’n oproep nog ontvang voor die einde van Novembermaand. Soms kry ons nie die lidmate in die hande met die inligting wat ons tans op die databasis het nie. Indien jy weet dat jou kontakbesonderhede verander het sedert jy ’n lidmaat geword het, sal ons dit hoog op prys stel indien julle dit met die kerkkantoor sal kontroleer.

3) Die kerkraad het ook besluit om, in die lig van die huidige finansiële stand van die gemeente wat tans swaar trek en onder druk verkeer (en om by te hou met die uitgawes), ekstra fondswerwingsaksies te loots as inkomste vir die gemeente. Vir hierdie doel is daar ’n permanente Fondswerwingskomitee begin wat die verantwoordelikheid gaan neem om fondsinsamelingsprojekte te identifiseer en te organiseer. Indien enige lidmaat die gawes en ervaring hierin het en al betrokke was by soortgelyke, suksesvolle inisiatiewe, wil ons vra dat jy jouself sal aanmeld by die kerkkantoor om so betrokke te raak daarby. Die huidige drywers wat hulle self reeds bereid verklaar het tot hierdie projek is: Stephen Kruger (sameroeper), Gert Kok, Gert Olivier en Pieter de Wet. Hulle het **baie** hulp nodig hiervoor.

4) Ander sake waaroor die Kerkraad onder andere besluite geneem het:

1. Die geouditeerde state van die 2023-boekjaar is goedgekeur. Indien enige lidmaat dit wou sien is dit beskikbaar in die kerkkantoor.
2. Daar is kennis geneem van die deurlopende beplanning vir die Stadsbouersvisie van die gemeente se implementering. (Hou maar hierdie spasie dop).
3. Die predikante doen kwartaalliks verslag by die ouderlinge se vergadering. Die formaat van hierdie terugvoer (aan die gemeente) word nog vir die toekoms bepaal.
4. Die volgende lidmate is tot die ampte genomineer en sal nou ter approbasie geroep word om daarop te antwoord. As ouderlinge: Philippe Temmerman, Francois Lagrange en Doeke Tromp. As Diakens: Anne-Marie Lagrange, Pierre du Preez en Louis Jooste.

Die KwartKrant

Die KwartKrant is Wapadrant Gemeente se elektroniese nuusblad. Dit verskyn 4 maal per jaar. Augustus se KwartKrant is nou beskikbaar.

KwartKrant in webblaaier

KwartKrant as PDF

Die KwartKrant vir Augustus is ook beskikbaar via die webblad by https://www.wapadrant.co.za/neem-kennis.html

Preekrooster

PREEKROOSTER

DATUM	IDIOOM	TYD	PREDIKER
15 September	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Marcel Floor
22 September	Kontemporêr	08:30	Peet Vermeulen
29 September (Nagmaal)	Kontemporêr	08:30	Rassie Smit
6 Oktober (Doop)	Kontemporêr Klassiek	08:30 10:00	Peet Vermeulen

Volg eredienste via Youtube

Volg eredienste via Facebook

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie en gee so ook jou donasie. Die verwysing is baie belangrik. As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees. Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae. Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby. Jy mag ook anoniem bly.

Ondersteun mekaar

Weet jy watter produkte of dienste deur mede-lidmate gelewer word? Kom ons ondersteun mekaar en bou sò aan ons stad.

Jy kan ook jou produkte en dienste hier adverteer. Dit is gratis. Stuur ‘n epos met besonderhede aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor